Jesaja 49 1-6 17 na Trinitatis 2018
DSW Pretoria

Luister na My, eilande, gee aandag, nasies wat ver is! Die Here het my voor my geboorte al geroep; toe ek nog in my moeder se liggaam was, het Hy my op my naam genoem. Hy het my mond soos 'n skerp swaard gemaak, my in die skaduwee van sy hand verberg, Hy het my 'n skerp pyl gemaak en my in sy pylkoker weggesteek. Hy het vir my gesê: Jy is my dienaar, jy is Israel, deur jou maak Ek my mag bekend. Ek het gedink: ek het my tevergeefs vermoei, ek het my heeltemal verniet afgesloof. Maar die Here sál aan my reg laat geskied, my God sál my beloon.
En nou maak die Here 'n aankondiging, Hy wat my in die moederskoot al sy dienaar gemaak het om Jakob na Hom toe terug te bring sodat Israel nie meer verstrooi sal wees nie. Die Here het my 'n belangrike opdrag gegee en my God gee my die krag om dit te doen. Hy het gesê: Dit is (nie genoeg) te min (te gering- 1953 Vertaling) dat jy my dienaar is om die stamme van Jakob te herstel en om die Israeliete wat gered is, terug te bring nie; Ek maak jou 'n lig vir die nasies sodat die redding wat Ek bewerk, die uithoeke van die aarde sal bereik.

Nie genoeg nie - of: te min?

Liewe susters en broers in Christus,
"Nie genoeg nie" lees ons in vers 6. Die 1953 Vertaling het gelees: "Dit is te gering dat jy my kneg is ..."
Eintlik moes ´n mens vertaal: "Dit is te min dat jy my dienaar is om die stamme van Jakob te herstel ..."
Hoekom lê ek klem op so ´n klein verskil, so ´n onbenulligheid?
Laat ek ´n storie vertel.
In ´n reuse voëlreservaat bevat honderde, dalk duisende voëls van oor die hele wêreld. Om seker te maak dat hulle nie ontsnap nie is die hele reservaat met draad omspan, en bo, oor al die bome, is daar ook ´n net, sodat geen voël kan uitvlieg nie.
Die meeste voëls kom nie eers agter dat hulle ingehok is nie - alles is daar wat hulle nodig het.

Elke aand is daar ´n groep tarentale wat, soos wat die son sak, opvlieg in die hoogste boom. Tak vir tak vlieg hulle hoër, en kekkel lekker soos wat hulle vorder.
Heel bo, op die hoogste tak, sit nog ´n voël wat hulle nie ken nie - en eintlik nooit sien nie, omdat geeneen van hulle hoog genoeg vlieg-klim om daar bo uit te kom nie. Totdat één dag een tarentaal daarin slaag om heel bo uit te kom. Trots kyk hy om hom en onder hom - doer onder lyk alles klein. Hy is tevrede. Hy is heel bo! Eers na ´n tydjie merk hy die ander voël op - en skrik, want dié voël is nogal groot! Snaaks dat hy hom nie raakgesien het nie.
"Goeienaand, dis darem maar lekker hier bo!" sê die tarentaal. "Dis die eerste keer dat ek dit tot hier bo gemaak het!"
"Ag nee wat", kom die antwoord. "Dis nie hoog genoeg nie. Ek is heeltemal ingehok"
Die tarentaal kan sy ore nie glo nie. "Nie hoog genoeg nie? Ek is die eerste tarentaal wat dit tot hier bo gemaak het! Wat se voël is jy dat dit nie genoeg is nie?"
"Ek is ´n arend - en alles hier is te min vir my, te laag, te klein. Ek het die oop hemel nodig, en hoë kranse, sterk winde, vlaktes".
"Nee wat", sug die tarentaal. "Hierdie is vir my heeltemal genoeg"
"Vir my is dit veels te min" treur die arend.

"Nie genoeg nie" is vir my amper dieselfde as "Amper genoeg" "Te min" daarenteen beteken "Dit skiet te kort"

Die tarentaal was ontevrede terwyl daar nog takke bo hom was. "Ek is nie hoog genoeg nie, ek moet nog hoër kom."
Die Arend was op die hoogste tak, maar dit alles was te min. Enige hok ter wêreld sou steeds vir hom te min wees. Want arend en hok pas nie bymekaar nie!

In Jesaja 49 1-6 praat die Here oor sy kneg. Ons Christene beskou dit as woorde oor Jesus, God se seun en dienskneg. Ook die Jode het dit met die oog op die messias gelees.
Nou sê die Here: Ja, ek het jou geroep om Jakob en Israel terug te bring, te

red - maar dit is te min! Jy is vir groter dinge bestem! Ek maak jou ´n lig vir die nasies sodat die redding wat Ek bewerk, die uithoeke van die aarde sal bereik.
Soos die arend wat bestem is om hoog en wyd te vlieg, so is Christus bestem om die hele wêreld te verlos.
Ongelukkig is ons Christene se benadering meestal eerder soos dié van die tarentaal. Ons is tevrede met ons eie gemeente, ons kerk, ons geloof. Ja, ons mik hoog - ons wil groei, ons wil ook dat ons gemeente groei. Ons weet ons doen nie genoeg nie - en dan doen ons ´n bietjie meer, Totdat ons voel dis nou genoeg.
Maar Jesus Christus weet: daar is miljoene mense wat nog nie van hom weet nie. Dis te min as ons hom net as óns verlosser aanbid. Hy wil almal se verlosser wees. Sy roeping, sy taak, is oneindig veel groter as my gemeente en my kerk.
Hier sit ek nou, as biskop, op die hoogste tak van my kerk, kyk om my, sien alles wat gegroei het, wat geword het, en is dankbaar. Maar dan kyk ek na die Here en ek kom agter dat hy dink: Dis te min!
“Nie genoeg nie?” vra ek? Moet ek harder werk? Moet ek meer moeite doen? “Nee, dis te min” kom die antwoord. “Die taak is veel groter as wat jy ooit kan droom. My koninkryk is veel wyer as wat jy ooit kan dink”.

Vandag se wagwoord praat van ons geloof wat die wêreld oorwin het (1. Joh 5,4) Dalk dink ons dis ´n “tarentaal geloof” - om stuk vir stuk hoër te klim, tot ek bó uitkom. Maar wat die teks eintlik sê, is dat die een in wie ons glo, Jesus Christus, die wêreld oorwin het, dat ons moet leer om die wêreld deur sy oë te sien, en nie deur my “tarentaal oë” nie.

Die Evangelie lesing van vandag is nogal interessant. (Matteus 15,21-18). ´n Heidense vrou kom na Jesus toe en vra om hulp, maar hy ignoreer haar. Daar tree Jesus op soos wat enige Jood sou optree. Sy het geen aanspraak op hom nie. Wat nog erger is, hy vergelyk haar met ´n hond. Volgens Joodse siening is sy “nie goed genoeg nie”. Maar sy kom agter dat Jesus meer is. Dit is “te min” dat hy hier staan en niks doen nie. Al moet sy krummels eet. Nou eers kom Jesus se ware karakter ten voorskyn. Inderdaad, dit is te min dat hy net vir Israel sou kom. Die hele wêreld het

hom nodig!

Die Epistel lesing uit Romeine 10 9-17 het dan hierdie “arendsoë” - “elkeen wat die naam van die Here aanroep sal gered word” - en Paulus vra dan hoé almal die boodskap kan hoor - want dit is te min as dit bly waar dit tans is!

Liewe susters en broers,
deur die tweeduisend jaar van die kerk se bestaan het Christene altyd maar weer soos tarentale tevrede geword as hulle hul´ “boom vir die nag” gevind het, ´n geestelike tuiste, waar hulle veilig voel. “Dit is te min” - gelukkig was daar ook altyd weer dié wat die roep van Jesus gehoor het en sy boodskap “buite die hok” uitgedra het. As dit nie so was nie, sou geeneen van ons vandag hier gesit het nie - want ons voor vaarders was deel van die “heidene” aan die uiteindes van die aarde, Totdat sendelinge na hulle toe gekom het en hulle van Jesus vertel het.
Maar al te vinnig het ook sendingkerk maar weer “tarentaalbome” geword. “Dit is te min” as die evangelie by ons vashaak. Dit is te min as ons die res van die wêreld uit die oog verloor. Dis te min as ons nie raak sien dat ons ´n opdrag het om uit te voer, hier in Suid Afrika, buite die grense van ons gemeente, van ons taal, van ons kultuur.
Die kerk se taak is ´n “arends taak” wat alle grense en afskortings oorskry, want ons Here is ´n “heelal Here” wat die uithoeke van die aarde wil bereik.
Ek is dankbaar dat ons vandag sáám hierdie diens kan hou. Dit is ´n baie klein herinnering daaraan dat die taak groter is as ons eie gemeente, dat Christus Here is oor die hele kerk, en Heiland van die heelal!

Amen

Horst Müller, Biskop, ELKSA(N-T) epos: hmuller@elcsant.org.za